

**TAALBELEID
VAN DIE
STAD TSHWANE**

*soos gewysig en goedgekeur
27 September 2012*

AANHALINGS WAT AS INSPIRASIE VIR DIE ONTWIKKELING VAN HIERDIE TAALBELEID GEDIEN HET

Alle mense sal die reg hê om hul eie taal te praat en hul eie volksgewoontes en -gebruike te ontwikkel.

Die Vryheidsmanifes, 1955 (eie vertaling)

'n Veeltaligheidsbeleid is 'n wesenlike deel van Suid-Afrika se transformasie tot volkome deelnemende demokrasie. Daar kan nie van mense verwag word om wette te gehoorsaam wat hulle nie verstaan nie.

Kristina Cunningham (eie vertaling)

Die boek [The Long Walk to Freedom] is vertaal in feitlik al die tale in die wêreld. Ek kan enige plek in die wêreld gaan en my storie is in daardie taal te vinde. Behalwe hier. Hier bestaan ek net in Engels. Ek wil deel wees van al die tale van my land. 'n Mens se taal behoort nooit 'n doodloopstraat te wees nie. Dis hoekom ek in vertaling glo: om ons in staat te stel om met mekaar te leef.

Oudpresident Nelson Mandela, soos aangehaal uit Antjie Krog se *'n Ander tongval*

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
1. Inleiding en agtergrond	1
2. Definisies	1
3. Wetskonteks	2
4. Doelwitte	3
5. Rigtinggewende beginsels	3
6. Toepassingsbestek	4
7. Taalprofiel van Tshwane	4
7.1 Sensussyfers	5
7.2 Interne en eksterne taalopnames en -oudits	5
8. Beleidsaanbevelings	6
8.1 Amptelike tale van Tshwane	6
8.2 Interne gesproke kommunikasie	6
8.3 Eksterne gesproke kommunikasie	7
8.4 Interne geskrewe kommunikasie	7
8.5 Eksterne geskrewe kommunikasie	8
8.6 Munisipale advertensieborde	8
8.7. Mense met taalgebreke	9
8.8. Opleiding by die Munisipaliteit	9
9. Implementeringstrategie	9
10. Vermoëbou	10
11. Taalstrukture	11
11.1 Eenheid Taaldienste	11
11.2 Ander taalbelanghebbendes	11
12. Beleidsorsig	12

1. INLEIDING EN AGTERGROND

Voor 1994 was Engels en Afrikaans die enigste twee amptelike tale wat deur die plaaslike owerheid gebruik is – veral in die gebiede wat nou deel van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit uitmaak. Die nuwe bedeling wat in 1994 tot stand gekom het, het erkenning aan nege ander amptelike tale van die land (Sepedi; Sesotho; Setswana; siSwati; Tshivenda; Xitsonga; isiNdebele; isiXhosa; en isiZoele) gegee. Bykomend tot hierdie, deur die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), het gemeenskapsdeelnemers 'n vereiste in plaaslike regering geword.

Gegewe die voorgaande, het die Stad Tshwane besluit om taalfasiliteringsdienste beskikbaar gestel en om sy eie beleid te maak oor hoe om veeltaligheid te akkommodeer en te bevorder. Die Taalbeleid het dus ten doel om die organisasie by te staan om optimale gemeenskapsdeelnemers te bereik deur inwoners in staat te stel om te kommunikeer en toegang tot munisipale dienste te hê ongeag die taal wat hulle praat. Dit het ook ten doel om riglyne te verskaf aangaande die wyse waarop die Munisipaliteit veeltaligheid in sy kommunikasieprosesse moet toepas om seker te maak dat alle inwoners toegang tot inligting en munisipale dienste het in die taal wat hulle die beste verstaan.

Die Taalbeleid volg verder die uitgangspunt van artikel 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en die Nasionale Taalbeleidsraamwerk wat op 12 Februarie 2003 deur die Kabinet aanvaar is, dat beide die staat en die plaaslike regering die taalvoorkeur van inwoners in ag sal neem.

2. DEFINISIES

In hierdie beleid, tensy die konteks die teendeel aandui, beteken –

"amptelike taal" 'n taal wat deur die regering-, onderwys- en sakesektor en die media gebruik word;

"argieftaal" 'n amptelike taal wat gekies word vir die hou van rekords of vir die argivering van die verrigtinge en prosedures van die Munisipaliteit;

"funksionele veeltaligheid" die keuse van 'n spesifieke taal of tale in 'n spesifieke situasie, bepaal deur die konteks waarin die taal gebruik word, met ander woorde die funksie, die gehoor en die boodskap waarvoor dit gebruik word;

"gelykmatige gebruik" die gebruik van taal wat regverdig en onpartydig is en wat nie diskrimineer nie;

"Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"Munisipaliteit" die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit gestig deur Gauteng Provinsiale Kennisgewing 6670 van 1 Oktober 2000;

"PanSAT" die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, gestig deur die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet 59 van 1995);

"Raad" die Raad van die Munisipaliteit;

"skakeltolkwerk" die proses waardeur gesproke taal oorgedra word ná 'n kort toespraak of op 'n opeenvolgende manier (sin-vir-sin), en kom voor in situasies waar –

- (a) 'n werknemer van die Munisipaliteit nie die taal van 'n ander werknemer of werknemers van die Munisipaliteit verstaan nie (tot en met tien werknemers kan betrokke wees), byvoorbeeld by arbeidsgeskille of tugverhore; of
- (b) 'n werknemer van die Munisipaliteit nie die taal van 'n kliënt van die Munisipaliteit of 'n inwoner van Tshwane verstaan nie (tot en met tien kliënte of inwoners kan betrokke wees), byvoorbeeld by samesprekings tussen kliniekpersoneel en pasiënte, tussen kassiere en kliënte by betaalpunte, of tussen amptenare en die gemeenskap by gemeenskapinligtingsforums;

"taalregte" die regte wat burgers het in ingevolge die wet om taalkeuses in spesifieke omstandighede te kan uitoefen;

"terminologie" gestandaardiseerde terme wat vir 'n spesifieke vakgebied vasgestel word;

"tolk" 'n persoon wat die betekenis van 'n uiting vanaf een taal, insluitende gebaretaal, mondelings na 'n ander taal oordra, en indien die vertolking na gebaretaal toe is, deur middel van handkommunikasie en liggaamstaal; **"tolkwerk"** en **"vertolk"** het 'n soortgelyke betekenis;

"veeltaligheid" die gebruik van drie of meer tale deur 'n individu of 'n groep mense;

"vertaling" die kommunikasie van die betekenis van geskrewe taal na 'n gelykstaande betekenis in 'n ander taal; **"vertaal"** het 'n soortgelyke betekenis;

"werkstaal" 'n amptelike taal wat deur die Munisipaliteit gekies is as die mees praktiese taal vir gebruik tydens spesifieke kommunikasiegebeure.

3. WETSKONTEKS

Die volgende maak die wetskonteks vir hierdie beleid uit:

- 3.1 Artikel 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
- 3.2 Artikel 9(3) van die Grondwet: die staat mag nie op onbillike wyse direk of indirek teen enigeen diskrimineer op grond van een of meer van die volgende nie, onder andere ras, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese of maatskaplike herkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, **taal** en afkoms.
- 3.3 Artikel 1.2.4 van die Nasionale Taalbeleidsraamwerk van 2003: die plaaslike owerheid moet die taalgebruik en -voorkeure van sy gemeenskappe deur 'n bemaagtigende provinsiale taalbeleidsraamwerk bepaal. Nadat die taalgebruik en -voorkeure van gemeenskappe bepaal is, moet die plaaslike owerheid, na

breë raadpleging met sy gemeenskappe, 'n veeltaligheidsbeleid ontwikkel, bekend stel en implementeer.

- 3.4 Artikel 3 van die Taalbeleidsraamwerk van die Gauteng Provinsiale Regering (Augustus 2005) wat onder andere ten doel het om veeltaligheid in provinsiale en plaaslike departemente en in hul kommunikasie en interaksie met die publiek te ondersteun, te ontwikkel en daarmee vol te hou.
- 3.5 Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000).
- 3.6 Die Witskrif oor Transformasie van Openbare Dienslewering (Batho Pele-witskrif), 1997.

4. DOELWITTE

Hierdie beleid strook met die Grondwet se bepalings met betrekking tot veeltaligheid en die sleutelprestasieaanwysers van die Munisipaliteit. Die beleid het ten doel om te verseker dat –

- 4.1 die taalregte wat in die Grondwet vasgelê is, vertolk word as 'n duidelike en doeltreffende benadering tot veeltaligheid in die Munisipaliteit;
- 4.2 die gelykmatige gebruik van die amptelike tale van die Munisipaliteit bevorder word;
- 4.3 gelykmatige toegang tot munisipale dienste en inligting vergemaklik word;
- 4.4 taalongelykhede van die verlede, wat tot die onderontwikkeling van die Afrikatale gelei het, reggestel word;
- 4.5 taaldiversiteit beskerm word en respek vir veeltaligheid en eendrag te midde van uiteenlopendheid bevorder word; en
- 4.6 die gebruik van veeltaligheid aangemoedig word vir doeltreffende administratiewe en kommunikasieprosesse in die Munisipaliteit.

5. RIGTINGGEWENDE BEGINSELS

Die beleid is op die volgende beginsels gebaseer:

5.1 Taalregte

Om respek vir die taalregte van inwoners, soos in die Grondwet vasgelê, te bevorder.

5.2 Taalgelykheid

Om die gelyke behandeling van al die amptelike tale van die Munisipaliteit te verseker.

5.3 *Regstelling*

Om die status en rol van voorheen gemarginaliseerde tale te verhef.

5.4 *Nie-diskriminasie*

Om te verhoed dat taal vir die doel van uitbuiting, oorheersing of diskriminasie aangewend word.

5.5 *Mensgerigtheid*

Om in die gees van Batho Pele die behoeftes, wense en belange van taalgemeenskappe aan te spreek.

5.6 *Vennootskappe*

Om saam met openbare en private taalinstansies en -agentskappe aan die bevordering van veeltaligheid te werk.

5.7 *Goeie bestuur*

Om al die amptelike tale van die Munisipaliteit te gebruik om 'n deursigtige, verantwoordbare plaaslike regering te verseker wat die taalkundige behoeftes van kiesers op die hart dra.

5.8 *Deelname*

Om sowel munisipale werknemers as inwoners van Tshwane in staat te stel om aan besluitnemingsprosesse deel te neem.

6. TOEPASSINGSBESTEK

Hierdie beleid geld vir die werknemers van die Munisipaliteit en inwoners van Tshwane en vir enige party wat die voorsiening van taaldienste deur die Munisipaliteit mag benodig.

7. TAALPROFIEL VAN TSHWANE

Om die amptelike tale van die Munisipaliteit te bepaal is daar van die 2001-sensusyfers en verslae oor eksterne en interne opnames gebruik gemaak.

7.1 Sensussyfers

Die volgende tabel, wat uit Sensus 2001 geneem is, gee 'n aanduiding van huistaalverspreiding in Tshwane.

Taal	Aantal sprekers as 'n persentasiepunt
Sepedi	22,14
Afrikaans	21,29
Setswana	17,11
Xitsonga	9,99
isiZoeloe	7,61
Engels	6,54
isiNdebele	4,94
Sesotho	3,95
isiXhosa	1,91
siSwati	1,91
TshiVenda	1,77
Ander	0,83
TOTAAL	100

Census 2001 by municipality: Verslag van die Sensus-subkomitee aan die Suid-Afrikaanse Statistiekraad oor Sensus 2001 (beskikbaar by <http://www.statssa.gov.za>)

Die huistaalprofiel van Tshwane toon dat Sepedi die huistaal wat die meeste gebruik word is, gevolg deur Afrikaans, Setswana, Xitsonga, isiZoeloe, Engels en isiNdebele. Dit is duidelik dat daar nie 'n enkele oorheersende huistaal in Tshwane is nie, maar wel 'n veeltalige situasie waarin hierdie ses tale deur 84,68% van die bevolking gepraat word.

7.2 Interne en eksterne taalopnames en -oudits

Die taalgebruik, -behoefte en -voorkeure van die inwoners van Gauteng is ook in ag geneem tydens die samestelling van die Munisipaliteit se taalbeleid. Die Gautengse inligting kom uit die bevindinge van 'n provinsiale taal- en kommunikasieoudit in 2004 wat in *Towards a Functional and Cost-effective Language Policy for Gauteng* opgeneem is. Die oudit is deur Sarah Slabbert Associates vir die Gautengse Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning gedoen. Die oudit het gewys dat die meeste amptenare by diensleweringpunte in staat is om met die publiek in tale buiten Engels en Afrikaans te kommunikeer. Die oudit het ook gewys dat die meeste kliënte of lede van die publiek verkies om in 'n inheemse taal die staat se dienste te gebruik. Volgens die oudit was die taalvoorkeur by een van die provinsiale hospitale soos volg:

- Afrikatale: 58,5%
- Engels: 36,8%
- Afrikaans: 7,9%

Die bevindinge van die oudit beklemtoon 'n beduidende behoefte aan vertaal- en tolkdienste om te verseker dat kliënte in hulle huistaal bedien word.

8. BELEIDSAANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word met betrekking tot taalgebruik in die Munisipaliteit gemaak:

8.1 Amptelike tale van Tshwane

Inaggenome die Sensus 2001-syfers oor die huistaalgebruik en -voorkeure van Tshwane-inwoners en die aanbevole provinsiale keuses in die konseptaalbeleid van die Gautengse provinsiale regering (30 April 2004), word die volgende **agt tale** deur die Munisipaliteit as amptelike tale aanvaar en goedgekeur:

- Afrikaans;
- Engels;
- Sepedi;
- Xitsonga;
- Setswana;
- isiZoeloe;
- isiNdebele; en
- Tshivenda

Verder moet die Munisipaliteit alles in sy vermoë doen om die ander amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika te gebruik, insluitend, op versoek, Suid-Afrikaanse gebaretaal. Die Munisipaliteit moet verder ook braille-dokumente, waar moontlik, vir sekere kommunikasiegebeure voorsien.

Daar moet egter kennis geneem word dat die Munisipaliteit se amptelike tale hersien sal word op grond van die bevindings van taal- en kommunikasieoudits of -opnames wat in die toekoms in Tshwane gedoen sal word.

8.2 Interne gesproke kommunikasie

8.2.1 Enige van die amptelike tale van die Munisipaliteit mag gebruik word in gesproke intradepartementele en interdepartementele kommunikasie, mits almal wat by die kommunikasiegebeure betrokke is die taal of tale wat gepraat word, verstaan.

8.2.2 Engels word aanbeveel as die werkstaal vir gesproke intradepartementele en interdepartementele kommunikasie. Ander amptelike tale van die Munisipaliteit mag gebruik word, mits dit deur al die partye wat by die kommunikasiegebeure betrokke is, verstaan word.

8.2.3 Enige van die amptelike tale van die Munisipaliteit mag gebruik word vir enige debatte of verrigtinge van die Raad. Die Munisipaliteit moet dus voorsiening maak vir gelyktydige tolkwerk vanaf en na enige van die amptelike tale van die Munisipaliteit.

8.2.4 Tugverhore, werksonderhoude en prestasiebepalings in die Munisipaliteit sal oor die algemeen in Engels gevoer word, mits vertaal- of tolkdienste beskikbaar gestel word vir diegene wat nie Engels praat of verstaan nie.

8.3 Eksterne gesproke kommunikasie

8.3.1 Die Munisipaliteit moet by gesproke kommunikasie streef om al sy kliënte in die taal of tale van hul keuse te bedien.

8.3.2 Indien daar nie personeellede beskikbaar is om kliënte mondelings in die taal van hul keuse te help by 'n kliëntedienssentrum, betaalpunt, kliniek of ander openbare munisipale plek nie, moet skakeltolke se hulp ingeroep word. Elke moontlike poging moet aangewend word om, waar prakties moontlik, tolkdienste (opeenvolgende, gelyktydige, telefoon- en fluistertolkdienste) te gebruik.

8.3.3 Die Munisipaliteit moet skakeltolke voorsien indien belangrike of strategiese inligting by openbare geleenthede wat deur die Munisipaliteit gereël word, mondelings aan groepe veeltalige inwoners oorgedra moet word, byvoorbeeld by indabas of imbizo's van die Departement Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling.

8.4 Interne geskrewe kommunikasie

8.4.1 Engels sal die werkstaal van die Munisipaliteit wees om bedryfsdoeltreffendheid te verhoog, en vertalings na die ander amptelike tale van die Munisipaliteit sal op versoek beskikbaar gestel word.

8.4.2 Die Munisipaliteit sal op versoek vertaaldienste vir intradepartementele en interdepartementele geskrewe kommunikasie voorsien.

8.4.3 Vertaaldienste sal op versoek beskikbaar gestel word om mosies wat by Raadsvergaderings ingedien word in enige van die amptelike tale van die Munisipaliteit te vertaal.

8.4.4 Die Munisipaliteit se beleide, prosedures, diensvoorwaardes, strategiese omsendbriewe, belangrike mensehulpbrondokumente, gesondheids- en veiligheidsinligting en ander strategiese dokumente moet in al die amptelike tale van die Munisipaliteit beskikbaar gestel word.

8.4.5 Die Munisipaliteit moet interne veeltalige skakeltolke beskikbaar stel om ongeletterde personeellede te help om toegang tot munisipale inligting te verkry. Skakeltolkwerk moet as 'n ondersteuningsmeganisme vir geskrewe kommunikasie gesien word.

8.4.6 Alhoewel geen werknemer van die Munisipaliteit te enige tyd verhoed mag word om die amptelike taal van sy of haar keuse te gebruik nie, moet alle amptelike dokumente wat in 'n argief bewaar moet word, vir praktiese administratiewe doeleindes in die oorspronklike taal en in Engels as argieftaal beskikbaar wees.

8.4.7 Ter wille van verstaanbaarheid en beter kommunikasie moet die gebruik van eenvoudige taal in interne munisipale dokumente aangemoedig word.

8.5 Eksterne geskrewe kommunikasie

8.5.1 Alle amptelike kennisgewings, verklarings, tariewe, verordeninge, regulasies, beleide, advertensies, ens wat vir openbare kennisname deur die Munisipaliteit uitgereik of gepubliseer word, moet sover prakties en finansiële moontlik, in al die amptelike tale van die Munisipaliteit beskikbaar gestel word.

8.5.2 Die Munisipaliteit moet veeltalige skakeltolke vanuit eie geledere voorsien as 'n meganisme om geskrewe kommunikasie aan te vul en ongeletterde kliënte te help om toegang tot munisipale dienste en inligting te bekom. Die skakeltolke moet by kliëntedienssentrums, betaalpunte, klinieke en ander openbare munisipale plekke skakeltolkwerk doen indien veeltalige personeellede nie vir hierdie doel beskikbaar is nie.

8.5.3 Die Munisipaliteit moet alle pogings aanwend om veeltaligheid op sy webwerf en in eksterne publikasies te bevorder deur al die amptelike tale van die Munisipaliteit te gebruik.

8.5.4 Alle eksterne munisipale korrespondensie moet vertaal word in die amptelike taal waarin die oorspronklike dokument ontvang is, op voorwaarde dat 'n Engelse vertaling van die dokument in die argief geplaas word vir munisipale rekorddoeleindes en vir moontlike regsaksies. Die Munisipaliteit moet die kliënt inlig dat die Engelse teks in regsaksies gebruik sal word.

8.5.5 Daar moet 'n sin onderaan elke bladsy van elke eksterne dokument van die Munisipaliteit (veral briewe) wees wat verklaar dat die dokument in enige van die amptelike tale van Suid-Afrika beskikbaar gestel kan word, en die Munisipaliteit se handleiding oor korporatiewe identiteit moet dit as 'n vereiste stel.

8.5.6 Alle munisipale dokumente wat in 'n argief geplaas moet word, moet om praktiese administratiewe redes in Engels as argieftaal beskikbaar wees.

8.5.7 Die Munisipaliteit moet Engels in internasionale kommunikasie gebruik, maar moet vertaaldienste in die voorkeurtal van die betrokke land vir ad hoc-kommunikasie beskikbaar stel.

8.5.8 In eksterne munisipale dokumente moet die gebruik van eenvoudige taal aangemoedig word ter wille van verstaanbaarheid en beter kommunikasie.

8.6 Munisipale advertensieborde

Die Munisipaliteit moet die taalvoorkeure van die plaaslike gemeenskappe behoorlik in ag neem wanneer plaaslike padtekens en rigtingaanwysers aangebring word.

Alle identifikasietekens, rigtingaanwysers en padtekens wat met munisipale geboue, dienste, fasiliteite, infrastruktuur of voertuie verband hou, moet waar prakties moontlik in ten minste drie van die amptelike tale van die Munisipaliteit aangebring word. Waar dit weens finansiële beperkinge nie moontlik is nie, kan 'n ten minste twee tale (Engels en nog 'n amptelike taal van die Munisipaliteit) aanvaar word, mits Engels die een taal is en die oorheersende taal van die betrokke gebied die ander een.

8.7 Mense met taalgebreke

Die Munisipaliteit moet, op versoek en wanneer prakties moontlik, in die behoeftes van mense met taalgebreke voorsien.

8.8 Opleiding by die Munisipaliteit

8.8.1 Die voertaal vir munisipale opleiding is Engels, mits die beginsel van funksionele veeltaligheid, waar prakties moontlik, toegepas word. 'n Aanbieder mag byvoorbeeld enige van die Munisipaliteit se ander amptelike tale gebruik, afhangend van die taalgebruik en -voorkeure van die studente. Die verlangde uitkoms (naamlik doeltreffende opleiding) moet onder alle omstandighede in ag geneem word.

8.8.2 Die mondelinge deel van enige munisipale program of veldtog wat daarop gemik is om die welsyn van werknemers te verbeter, byvoorbeeld video's vir die interne inligtingskanaal, moet in al die amptelike tale van die Munisipaliteit wees.

8.8.3 Werknemers van die Munisipaliteit moet aangemoedig word om op 'n gestruktureerde wyse die amptelike tale van die Munisipaliteit wat hulle nie ken nie, sowel as Suid-Afrikaanse gebaretaal, te leer ten einde die publiek doeltreffend te kan dien.

8.8.4 Die Munisipaliteit moet opleidingsprogramme en opknappkursusse vir werknemers reël om hulle te help om hul vaardighede ten opsigte van die amptelike tale van die Munisipaliteit te ontwikkel sodat hulle 'n doeltreffende en effektiewe diens aan gemeenskappe kan lewer.

8.8.5 Vertaaldienste moet beskikbaar gestel word om, op die leerders se versoek, interne opleidings- en kursusmateriaal in enige van die amptelike tale van die Munisipaliteit te vertaal.

8.8.6 Opleiers en kursussamestellers moet aangemoedig word om eenvoudige taal in hul studiemateriaal te gebruik om die opleiding meer toeganklik te maak en kommunikasie tussen leerders en opleiers te verbeter.

9. IMPLEMENTERINGSTRATEGIE

Die beleid sal ingefaseer word sodat genoeg tyd beskikbaar is om finansiële en menslike vermoë op te bou om die beleid ten volle te implementeer. 'n

Infaseringsbenadering sal ook genoeg ruimte vir die evaluering en monitering van die beleidstoepassing laat. Dit sal verseker dat die beleid gereeld hersien word en dat regstellende maatreëls op vasgestelde tye geneem word.

Die volgende strategieë sal gebruik word om die suksesvolle implementering van hierdie beleid te verseker:

- 9.1 Om tolkdienste te verskaf by raadsvergaderings, tugverhore, munisipale howe, besprekings vir die geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP), openbaredeelnamervergaderings, konferensies van die Stad Tshwane, imbizo's van die burgemeester en ander toepaslike forums;
- 9.2 Om kommunikasie in die verskillende tale by kliëntedienspunte en inbelsentrums te vergemaklik;
- 9.3 Om inligtingstukke na die amptelike tale van die Munisipaliteit te vertaal;
- 9.4 Om terminologie te skep wat die amptelike tale van die Munisipaliteit sal help om te ontwikkel, veral die ses amptelike Afrikatale;
- 9.5 Om Burgemeesterskomitee- en Raadsverslae te redigeer om geskikte taalgebruik in hierdie dokumente te verseker;
- 9.6 Om opleiding in al die amptelike tale van die Munisipaliteit te bied aan werknemers wat dit benodig om effektiewe diens aan verskillende taalgemeenskappe te lewer;
- 9.7 Om te verseker dat munisipale advertensieborde in ten minste drie van die amptelike tale verskyn;
- 9.8. Om taalbewusmakingsveldtogte te vergemaklik;
- 9.9 Om 'n strategie wat lees en skryf in die inheemse tale (Afrikatale, insluitende Afrikaans) te ontwikkel;
- 9.10 Om te verseker dat die Stad Tshwane se webblad, as 'n openbare instrument, veeltaligheid reflekteer; en
- 9.11 Om gereeld taaloudits en -opnames te doen.

10. VERMOËBOU

- 10.1 Die implementering van hierdie beleid sal tot 'n groter aanvraag na vertaal-, redigeer-, terminologie-ontwikkeling- en tolkdienste in die Munisipaliteit se ses amptelike Afrikatale lei. Die groter aanvraag sal weer tot 'n behoefte aan verdere opleiding in taalvaardighede lei.
- 10.2 In 'n poging om die vermoë van munisipale taaldienste uit te bou, moet die Munisipaliteit, ingevolge sy beursbeleid, beurse aan studente toeken om een of meer van die amptelike tale van die Munisipaliteit op tersiêre vlak te studeer.

- 10.3 Die Munisipaliteit moet skakeltolke voorsien en opleidingsgeleenthede, byvoorbeeld kortkursusse in skakeltolkwerk, vir departementele skakeltolke bied ten einde funksionele veeltaligheid te bewerkstellig.

11. TAALSTRUKTURE

Hierdie beleid sal deur die Eenheid Taaldienste in samewerking met ander taalbelanghebbendes geïmplementeer word. Hul beoogde funksies is die volgende:

11.1 Eenheid Taaldienste

Om die suksesvolle implementering van hierdie beleid te verseker, sal die Eenheid Taaldienste –

- die implementering van hierdie beleid vergemaklik en koördineer deur vertaling, redigering, tolkwerk, taalopleiding en terminologieontwikkelingsdienste te verskaf;
- gereelde taalopnames en -oudits uitvoer om die geskiktheid van die bestaande beleid en gebruike van die Munisipaliteit te beoordeel en voorstelle vir die verbetering daarvan te maak;
- bewustheid van die beleid verhoog en sodoende nakoming daarvan verseker;
- op versoek aan die betrokke taalbeheerliggame (dit wil sê, die Nasionale Taalforum en PanSAT) rapporteer oor vordering wat ten opsigte van die implementering van hierdie beleid gemaak word;
- bewustheid oor hulle taalregte onder munisipale werkers en inwoners verhoog; en
- alle aktiwiteite soos gelys in artikel 9 van hierdie beleid vergemaklik.

11.2 Ander taalbelanghebbendes

Taalstrukture wat saam met die Eenheid Taaldienste sal werk om hierdie beleid te implementeer is die Departement van Kuns en Kultuur, die Gautengse Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning, PanSAT, en instellings vir hoër onderwys. Alhoewel hulle verskil, mag die rolle wat deur hierdie instansies gespeel word die volgende insluit –

- monitering van die gebruik van die amptelike tale van die Munisipaliteit in alle munisipale departemente;
- monitering van die implementering van die beleid;

- inisiëring en handhawing van 'n lewendige diskoers oor veeltaligheid in alle gemeenskappe; en
- inisiëring van studies en navorsing oor –
 - die ontwikkeling van die amptelike tale van die Munisipaliteit;
 - die gesindheid van munisipale werknemers en inwoners van Tshwane jeens veeltaligheid;
 - die verwerwing en gebruik van die amptelike tale van die Munisipaliteit;
 - die bevordering van veeltaligheid in Tshwane; en
 - die optimalisering van die gebruik van die taalhulpbronne van die Munisipaliteit.

12. BELEIDSOORSIG

- 12.1 Die Munisipaliteit moet gereeld interne en eksterne oudits oor taalvoorkeure en -vaardighede doen om die taalkundige behoeftes en vermoëns van munisipale amptenare en Tshwane-inwoners te bepaal.
- 12.2 Die Eenheid Taaldienste moet die bevindings van hierdie oudits gebruik om die beleid te hersien.
- 12.3 Die Eenheid Taaldienste moet gereeld die implementering van die beleid beoordeel en die nodige veranderinge aanbring.